# DIE KONSTITUSIONELE HOF SE BENADERING TOT GRONDWETLIKE WAARDES IN DIE DOELSGEBONDE UITLEGMETODE

Skripsie aangebied ter gedeeltelike nakoming van die vereistes van die graad

**MAGISTER LEGUM**

aan die

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

in die vak

**FUNDAMENTELE REGTE PRP 834**

deur

**Friedel Johan Janse van Rensburg**

**STUDIELEIER**: Prof. F Venter

## Acknowledgement

The financial assistance of the National Research Foundation (NRF, South Africa) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the National Research Foundation.

## Summary of research findings

Constitutional values are primarily used to give contents and meaning to the rights enshrined in the Bill of Rights. The values ensure that the Constitution is adaptable in every possible situation and ensure that an interpretation in a specific case is reconciliable with the Constitution as a whole. The meaning of the values is determined by the courts through interpretation. The interpretation must promote the development of the society as foreseen by the Constitution.

It is argued that the Constitutional Court performs the duties laid on it by section 39(1)(a) satisfactorily. It is clear from the analysis of case law that the court promotes the values that underlie an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom, in each of those cases. The court has regard to constitutional values in circumstances where laws, acts and other phenomena are tested against the provisions of the Bill of Rights. It is suggested that the court pay more attention to indigenous concepts such as *ubuntu* when having regard to constitutional values, although *ubuntu* is not expressly stated as a value in the 1996 Constitution. That will ensure an autochthonous and truly South African culture of constitutional adjudication which would cope with the needs and expectations of the people and speed up change.

These conclusions were reached through a selective and necessarily brief analysis of the nature and method of the teleological approach to interpretation and of the nature, contents and importance of constitutional values. Case law was examined to determine whether the court adhered to its duty as foreseen by section 39(1)(a) of the 1996 Constitution.

# INHOUDSOPGAWE


**1 INLEIDING** ..... **1**

**2 GRONDWETLIKE UITLEG** ..... **3**

2.1 DOELSGEBONDE UITLEG ..... 3

2.2 'N ANALISE VAN UITSPRAKE ..... 5

*2.2.1 Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu Natal)* ..... *5*

*2.2.2 President of the Republic of South Africa v Hugo* ..... *7*

*2.2.3 Government of RSA and others v Grootboom and others* ..... *8*

**3 GRONDWETLIKE WAARDES** ..... **8**

3.1 ALGEMEEN ..... 8

3.2 DIE BETEKENIS VAN DIE WAARDES ..... 9

3.3 DIE BESKERMING VAN DIE WAARDES ..... 11

3.4 DIE BELANG VAN DIE WAARDES ..... 13

3.5 'N ANALISE VAN UITSPRAKE ..... 15

*3.5.1 Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu Natal)* ..... *15*

*3.5.2 President of the Republic of South Africa v Hugo* ..... *16*

*3.5.3 S v Makwanyane* ..... *16*

*3.5.4 S v Williams* ..... *18*

*3.5.5 Government of the RSA and others v Grootboom and others* ..... *20*

**4 DIE KONSTITUSIONELE HOF SE RIGLYNE VIR DIE TOEPASSING VAN DIE REG OP GELYKHEID** ..... **21**

**5 DIE TAAK VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF** ..... **22**

**6 SAMEVATTING** ..... **24**

**7 GEVOLGTREKKING** ..... **28**

**8 BIBLIOGRAFIE** ..... **29**

8.1 BOEKE ..... 29

8.2 TYDSKRIFARTIKELS ..... 30

8.3 WETGEWING ..... 31

8.4 VONNISREGISTER ..... 31

## 1 INLEIDING

Met die inwerkingtreding van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 (hierna die 1993 Grondwet genoem) is 'n nuwe bedeling ingelui. Die 1993-Grondwet was die hoogste reg van die Republiek. Die Grondwet is vervang deur die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die Grondwet genoem). Die Handves van Regte vervat in die Grondwet word beskou as die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in Suid-Afrika en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.[1] Die interpretasie van die Grondwet berus by die howe en die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in alle grondwetlike aangeleenthede.[2] 'n Grondwetlike aangeleentheid sluit enige kwessie in waarby die uitleg, beskerming of afdwinging van die Grondwet betrokke is.[3] Dit is dus die taak van die howe om rekening te hou met die waardes in die Grondwet in die skepping van die samelewing soos voorsien deur die Grondwet. Dit beteken dat regters bereid sal moet wees om die terrein van beleidsaangeleenthede te betree.[4] Daar word van grondwetlike uitleg gesê:

> Constitutional interpretation is not an exact science, rather it is a question of making choices. While the language of the Constitution is an important factor in constitutional adjudication, the orientation of individual judges has a profound effect on their interpretation of issues. Which right should be given superior weight and how various rights ought to be balanced are political choices.[5]

Grondwette kom dikwels tot stand wanneer daar 'n nuwe begin gemaak word. Die grondwetlike bedeling in Suid-Afrika is 'n sprekende voorbeeld van 'n nuwe begin.

---

1 A 7 van die Grondwet.

2 A 167(3)(a) van die Grondwet.

3 A 167(7) van die Grondwet.

4 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 7.

5 Sarkin 1996 *SALJ* 79.

Die Grondwet verwoord ideale wat vir die toekoms gekoester word en die ideale wat nagestreef word is dikwels die teenkant van dinge uit die verlede wat voortaan vermy moet word.[6] Die ideale wat nagestreef word, is vervat in die grondwetlike waardes wat in die grondwet voorkom. Dit is 'n algemene verskynsel dat grondwette en die waarde-uitsprake wat daarin voorkom, wyd geformuleer word. Die waardes word uitgedruk as algemene norme, wat so wyd as moontlik geformuleer word en formulerings in besonderhede word so ver as moontlik vermy. Dit verseker onder andere buigsaamheid en aanpasbaarheid.[7] Die interpretasie van die Grondwet berus by die Konstitusionele Hof en daar kan geargumenteer word dat dit die taak is van die Konstitusionele Hof om die ideale verwoord in die Grondwet te help verwesenlik. Gevolglik sal die rol van die grondwetlike waardes tydens die interpretasie van die fundamentele regte ondersoek word. Die volgende vraagstuk wat ontstaan, is hoe die Konstitusionele Hof inhoud en betekenis aan die waardes gee en of die waardes 'n vaste betekenis het. Inleidend kan gesê word dat die Konstitusionele Hof die doelsgebonde of teleologiese uitlegmetode tydens die interpretasie van die Grondwet volg. Artikel 39 van die Grondwet som die doel van die Grondwet op as die bevordering van die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid, menswaardigheid en gelykheid onderlê.[8] Tydens die eerste sertifiseringsuitspraak moes die Konstitusionele Hof beslis of die nuwe teks van die Grondwet voldoen aan die Grondwetlike Beginsels soos uiteengesit in Bylae 4 van die 1993 *Grondwet*. In die eerste sertifiseringsuitspraak het die Konstitusionele Hof die Grondwetlike Beginsels doelsgebonde en teleologies toegepas om 'n nuwe orde te skep, gebaseer op 'n soewereine en demokratiese staat, waarin alle burgers hulle fundamentele regte en vryhede kan geniet en uitoefen.[9] Verder het die Konstitusionele Hof in *Du Plessis v De Klerk*[10] beslis dat artikel 35(3) van die 1993 Grondwet voorsiening maak vir die indirekte toepassing van die bepalings van die

---

6 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 2.

7 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 2.

8 Van Wyk *Rights and Constitutionalism* 127.

9 *Ex Parte Chairperson of the Constitutional Assembly : in re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996* 1996 4 SA 744 KH par [34].

10 *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH) par [60].

Grondwet in die ontwikkeling van die gemenereg en gewoontereg. Die hof moet dus die gees, strekking en oogmerke van die hoofstuk oor fundamentele regte in ag neem. Die uitlegmetode verleen ook ondersteuning aan die doelsgebonde uitlegmetode waarin die waardes onderliggend aan die Grondwet in ag geneem word. Die 1996-Grondwet is dus normatief in die sin dat die waardes wat daarin beliggaam is, dien as maatstaf of norm waaraan ander wette, handelinge en verskynsels getoets word.[11] Die oogmerk met hierdie analise is om te bepaal of die Konstitusionele Hof wel die waardes tydens die uitleg van die fundamentele regte aanwend wanneer wette, handelinge en verskynsels aan die Handves van Regte getoets word.

## 2 GRONDWETLIKE UITLEG

### *2.1 Doelsgebonde uitleg*

'n Grondwet soos die 1996-Grondwet vereis 'n normatiewe uitleg. Normatiewe uitleg verwys na 'n uitlegmetode waarin die fundamentele regte aan sekere standaarde gemeet word. Die standaarde waarna verwys word, is vervat in die waardes beliggaam in die *Grondwet*. Die uitlegbenadering moet minstens deeglik rekening hou met die waardes vervat in die teks.[12] Doelsgebonde uitleg is die uitlegmetode wat deur die Konstitusionele Hof gevolg word. Doelsgebonde uitleg is daarop gemik om die kernwaardes van 'n fundamentele reg in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid te bepaal. Die interpretasie van die fundamentele reg wat die waardes die beste ondersteun, word dan gevolg. Dit beteken dat die interpretasie in lyn met die grondwetlike waardes gevolg word in gevalle waar daar teenstrydige interpretasies van die fundamentele reg moontlik is. Sodra die doel van 'n bepaling vasgestel is, sal die gelding van die bepaling duidelik word.[13] Die waarde waarna verwys word, moet objektief vasgestel word en kan nie bloot gelykgestel word aan die mening van die publiek nie. Die mening van die

11 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 5.

12 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 7.

13 De Waal *Bill of Rights Handbook* 120.

publiek mag relevant wees, maar is nie 'n plaasvervanger van die plig vir die hof om die Grondwet te interpreteer nie. As die mening vir die publiek deurslaggewend is, kan die beskerming van regte aan die Parlement oorgelaat word wat in elk geval 'n mandaat verantwoordbaar aan die publiek het. Die bevoegdheid van die howe om wetgewing te toets is juis om die regte van minderhede te beskerm wat nie deur ander demokratiese prosesse beskerm word nie. Die interpretasie van die Handves van Regte verg dus 'n waarde-oordeel.[14] Aangesien fundamentele regte telkens wyd geformuleer word, is die interpretasieproses baie belangrik.[15] Konstitusionele interpretasie is die proses om die betekenis van 'n konstitusionele bepaling vas te stel. Vir die doeleindes van die beskerming van fundamentele regte is die doel van interpretasie om die betekenis van 'n bepaling vas te stel ten einde te bepaal of 'n wet of optrede strydig met die bepaling is.[16]

Interpretasie is dus 'n tweefase proses. Eerstens word die betekenis van 'n bepaling van die Handves bepaal en daarna word bepaal of die wet of optrede strydig met die bepaling is. Soos met gewone taal hang die betekenis van die grondwetlike bepaling af van die konteks waarin dit gebruik word. Die Grondwet maak egter nie voorsiening vir sy interpretasie nie en daarom het die Konstitusionele Hof riglyne neergelê oor hoe die Grondwet en meer spesifiek die Handves van Regte geïnterpreteer moet word.[17] Doelsgebonde uitleg vereis dat daar 'n waarde uitspraak gemaak word om te bepaal watter doelstellings belangrik is en beskerm word deur die Grondwet. Die waardes waarna verwys word, moet objektief bepaal word met verwysing na die norme, aspirasies en verwagtinge van die mense en nie bloot gelyk gestel word aan die mening van die publiek nie.[18]

Die metode om die waardes vas te stel word gefasiliteer deur die formulering van artikel 39 van die 1996 Grondwet. Die keuse van die werkwoord "bevorder" dui

---

14 De Waal *Bill of Rights Handbook* 121.

15 Devenish *Commentary on SA Contitution* 96.

16 De Waal *Bill of Rights Handbook* 115.

17 De Waal *Bill of Rights Handbook* 118.

18 De Waal *Bill of Rights Handbook* 121.

daarop dat dit nie slegs die plig is van die hof om te verseker dat die interpretasie van die fundamentele reg in lyn is met die demokratiese waardes nie. Die hof het dus die taak om die waardes te bevorder tydens die interpretasie van fundamentele regte. Die verpligting van die hof ten aansien van interpretasie word duidelik gemaak deur die wyse waarop artikel 39(1)(a) met artikels 7(1) en 36 oorvleuel. Artikel 7(1) verhef die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid tot die hoogste normatiewe bronne van die regte vervat in die Handves van Regte. Dieselfde waardes word deur artikel 36 as maatstaf gebruik om te bepaal of 'n beperking van 'n fundamentele reg redelik en regverdigbaar is.[19] In *S v Makwanyane* [20] bevind die hof dat die mening van die publiek relevant mag wees, maar dat dit nie 'n plaasvervanger vir die plig van die hof is nie:

> Public opinion may have some relevance to the inquiry, but in itself it is no substitute for the duty vested in the Courts to interpret the Constitution and to uphold its provisions without fear or favour.

Die hof bevind verder dat:

> This Court cannot allow itself to be diverted from its duty to act as an independent arbiter of the Constitution by making choices on the basis that they will find favour with the public.[21]

### *2.2 'n Analise van uitsprake*

#### 2.2.1 *Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu Natal)*[22]

In dié saak het die Konstitusionele Hof ook ondersteuning verleen aan die doelsgebonde uitlegmetode:

> The purposive approach will often be one that calls for a generous interpretation to be given to a right to ensure that individuals secure the full protection of the bill of rights, but this is

19 Scott en Alston 2000 *SAJHR* 220.

20 *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) par [88].

21 Par [88].

22 1998 1 SA 765 (KH).

> not always the case, and the context may indicate that in order to give effect to the purpose of a particular provision a narrower or specific meaning should be given to it.[23]

Die appellant in die saak het sy eis gebaseer op artikel 27(3) van die 1996-Grondwet wat bepaal dat: "Niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie" en artikel 11 wat bepaal dat: "Elkeen het die reg op lewe".[24] Die Konstitusionele Hof moes dus bepaal of die appellant die reg het op kroniese nierdialise behandeling. Die hospitaal volg weens die gebrekkige hulpbronne die beleid dat slegs persone wat akute nierversaking het, wat behandel en genees kan word, outomaties toegang tot nierdialise verkry. Pasiënte wat soos die appellant aan kroniese nierversaking lei en wat onomkeerbaar is, kry nie outomaties toegang tot die nierdialiseprogram nie.[25] Dit is verder duidelik dat die regte vervat in artikel 27 van die Grondwet afhanklik is van die beskikbare hulpbronne en dat die regte beperk word deur die gebrek aan hulpbronne. Artikel 27(3) is negatief geformuleer; dit is die reg om nie mediese noodbehandeling geweier te word nie. Die doel van die reg is om te verseker dat behandeling in 'n noodgeval verleen word en nie beperk word deur formaliteite of die burokrasie nie. Die artikel vereis dat behandeling wat noodsaaklik en beskikbaar is, onmiddellik aan die pasiënt verleen word. Die hof bevind egter:

> The applicant suffers from chronic renal failure. To be kept alive by dialysis he would require such treatment two or three times a week. This is not an emergency which calls for immediate remedial treatment. It is an ongoing state of affairs resulting from a deterioration of the applicant's renal function which is incurable. In my view section 27(3) does not apply to these facts.[26]

Die appellant se aansoek om nierdialisebehandeling moet ingevolge artikel 27(1) en 27(2) benader word en nie ingevolge artikel 27(3) nie. Soos reeds aangetoon, word die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste beperk deur die gebrekkige hulpbronne. Die appellant se saak moet in die konteks van die behoeftes wat die

---

23 Par [17].

24 Par [7].

25 Par [3].

26 Par [21].

gesondheidsdienste moet vervul, gesien word. Die staat moet sy beperkte hulpbronne op so 'n wyse bestuur, dat daar eerder op die groter behoeftes van die gemeenskap gefokus word, eerder as om op die spesifieke behoeftes van individue te fokus.[27] Die staat het 'n konstitusionele plig om aan die verpligtinge opgelê deur artikel 27 te voldoen. Dit is egter nie aangetoon dat die nie-voldoening aan die appellant se eis om nierdialisefasiliteite 'n inbreukmaking op artikel 27 is nie. Die Konstitusionele Hof bevind dus ingevolge die doelsgebonde uitlegbenadering dat die doel van artikel 27 nie die verlening van nierdialisebehandeling vir mense met kroniese nierversaking is nie, maar dat daar eerder ingevolge die artikel op die groter behoeftes van die gemeenskap gefokus moet word.

### 2.2.2 *President of the Republic of South Africa v Hugo*[28]

In dié saak is die doelsgebonde uitlegmetode toegepas om te bepaal wat die verbod op onbillike diskriminasie vervat in artikel 9 van die Grondwet behels. Die Konstitusionele Hof bevind dat die verbod nie net gemik is op lede van groepe waarteen voorheen gediskrimineer is nie. Die verbod erken dat die doel van die nuwe konstitusionele en demokratiese orde die daarstelling is van 'n samelewing waarin alle mense gelyke waardigheid en respek geniet nieteenstaande hulle lidmaatskap van spesifieke groepe. Wat met ander woorde nodig was, was die ontwikkeling van die konsep van onbillike diskriminasie. Elke handeling sal dus 'n deeglike ontleding van die diskriminerende handeling en die effek daarvan op die mense wat daardeur geraak word, vereis. Dan kan bepaal word of die diskriminerende handeling se impak die grondwetlike doelstelling van gelykheid bevorder of nie. Die Konstitusionele Hof bevind dus ingevolge die doelsgebonde uitlegmetode dat die doel van artikel 9 die daarstelling is van 'n samelewing waarin alle mense gelyke waardigheid en respek geniet, nieteenstaande hulle lidmaatskap van spesifieke groepe en dat die doelstelling nie die identiese behandeling in alle omstandighede vereis nie.[29]

---

27 Par [31].

28 1997 4 SA 1 (KH).

29 Par [41].

### 2.2.3 *Government of RSA and others v Grootboom and others*[30]

In die saak wat gehandel het oor hawelose mense se aanspraak op behuising van die staat, het die hof artikel 26 en 28(1)(c) doelsgebonde en teleologies uitgelê. Die hof bevind dat dit die plig is van die staat om toegang tot behuising, gesondheidsorg, voldoende voedsel en water en sosiale sekerheid te voorsien aan persone wat hulleself nie kan onderhou en hulle afhanklikes.

> The people of South Africa are committed to the attainment of social justice and the improvement of the quality of life for everyone. The Preamble to our Constitution records this commitment. The Constitution declares the founding values of our society to be human rights and freedoms. This case grapples with the realization of these aspirations for it concerns the state's constitutional obligations in relation to housing: a constitutional issue of fundamental importance to the development of South Africa's new constitutional order.[31]

Die staat is verplig om redelike wetgewende en ander stappe binne sy beskikbare hulpbronne te neem om die regte te verwesenlik. Die artikels verleen egter nie die reg om onmiddellik behuising te eis nie, maar die doel is eerder om die regte in 'n toenemende mate te realiseer.

## 3 GRONDWETLIKE WAARDES

### *3.1 Algemeen*

Daar is verskeie waardes in die Grondwet. Artikel 1 bepaal byvoorbeeld:

> Die Republiek van Suid-Afrika is een soewereine demokratiese staat gegrond op die volgende waardes:

30 CCT (11/00).

31 Par [1].

a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede;

b) Nie-rassigheid en nie-seksisme;

c) Die oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg;

d) Algemene stemreg vir volwassenes, 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering, om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid en openheid te verseker.

Die waardes onderliggend aan 'n reg word dikwels as die belangrikste doel met die beskerming van die spesifieke reg beskou.[32] Die waardes het 'n universele karakter en is ontwerp om menswaardigheid en vryheid in 'n stelsel gekenmerk deur verantwoordbaarheid, 'n responsiewe ingesteldheid en openheid te verseker. Die waardes is gebaseer op universele, morele en etiese norme en waardes en die waardes verseker demokratiese regering gebaseer op konstitusionalisme en beperkte regering.[33] Artikel 39 vereis dat die hof tydens interpretasie die waardes van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid gelykheid en vryheid in ag neem. Die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, demokrasie ensovoorts word dus tydens die interpretasieproses gebruik om inhoud aan die regte vermeld in die Handves van Regte te gee. Die howe moet dus tydens die interpretasieproses nadat die doel met betrekking tot 'n reg in die Handves bepaal is ook nog inhoud verleen aan die grondwetlike waardes.

### *3.2 Die betekenis van die waardes*

Die Grondwet vermeld die waardes maar verleen nie 'n betekenis aan die waardes nie, dié taak word aan die howe oorgelaat. Die feit dat die waardes nie omskryf is nie, maak die waardegebaseerde benadering vatbaar vir subjektiewe regterlike besluitneming en daarom is daar 'n beperking op regterlike magte nodig. Dit is daarom altyd belangrik om in gedagte te hou dat die beginpunt vir interpretasie die

---

32 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 43 en De Waal *Bill of Rights* 119.

33 Devenish *Commentary on SA Constitution* 33.

teks van die grondwet is.[34] Die betekenis van die waardes word deur die hof in die betrokke omstandighede ten aansien van die betrokke reg bepaal. Die waardes vorm dus deel van die regsreëls en die regstelsel.[35] Die waardes kan ook as ideale beskou word, byvoorbeeld "die bereiking van gelykheid" wat die hof dan in die interpretasie van abstrakte, wyd geformuleerde fundamentele regte kan bystaan. Die waardes sal dan deurslaggewend wees wanneer daar 'n konflik tydens interpretasie is. Die waardes van vryheid, gelykheid en menswaardigheid sal dus voorkeur geniet bo 'n ander doelwit afgelei uit 'n spesifieke bepaling van die Grondwet. Daardeur word verseker dat die interpretasie van die bepaling versoenbaar is met die Grondwet as geheel.[36] Dit is belangrik om te onthou dat die Grondwet 'n geskrewe dokument is wat geïnterpreteer moet word en alhoewel waardes belangrik is en daar deeglik daarmee rekening gehou moet word, kan die waarde nie maar net beteken wat die interpreteerder dit wil laat beteken nie.[37] 'n Verdere belangrike punt is dat alhoewel die hof ingevolge artikel 39 internasionale reg in ag moet neem en buitelandse reg in ag mag neem tydens die interpretasieproses, die waardes waarna verwys word nie summier uit 'n ander land se regstelsel afgelei kan word nie.[38] Kentridge wnr, merk oor direkte horisontale toepassing van die 1993 Grondwet in *Du Plessis v De Klerk* op:[39]

> Both Canada and Germany have developed a strong culture of individual human rights, which finds expression in the decisions of their courts. Yet after long debate, both judicial and academic, in those countries, the highest courts have rejected the doctrine of direct horizontal

---

34 De Waal *Bill of Rights* 119; Devenish *Commentary on the SA Constitution* 98 en Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 44.

35 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 6.

36 Devenish *Commentary on SA Constitution* 101 en Van Wyk *Rights and Constitutionalism* 127.

37 *S v Zuma and Others* 1995 4 BCLR 401 SA 412F.

38 Woolman en Davis 1996 *SAJHR* 371 en *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH) par [41].

39 *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH) par [41].

application of their Bills of Rights. On this issue as on the retrospectivity issue, the example of these countries seriously undermines the Defendants' contention that anything other than a direct horizontal application of Chapter 3 must result in absurdity or injustice.

In die toekoms is dit belangrik dat die howe tydens die interpretasie van die regte vervat in die Handves en die konkretisering van die waardes ook inheemse konsepte soos "ubuntu" in ag neem in die nastrewing van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid:

> The founding provisions of the Constitution are set out in Chapter 1 and the basic values and commitment which underpin the polity are expressed in section 1. This explicit acknowledgement of the principles which found the South African constitutional democracy is important to constitutional interpretation because it provides an unequivocal statement of the fundamental values which are to inform that exercise.[40]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die inhoud en betekenis van die waardes van die interpretasie daarvan afhang en dat die howe tydens die konkretisering van die waardes die ontwikkeling van 'n samelewing soos voorsien deur die Grondwet deur die uitleg moet probeer bevorder.

### *3.3 Die beskerming van die waardes*

Die 1996-Grondwet as geheel is verskans. Verskansing behels in hoofsaak 'n moeiliker prosedure vir die parlement om bepalings van die Grondwet te wysig of te herroep.[41] Daar is voorgeskrewe meerderhede wat die parlement moet verkry alvorens 'n bepaling van die Grondwet gewysig kan word. Gewoonlik word 'n twee-derde meerderheid vereis. Artikel 74(1) bepaal egter dat artikel 1 van die Grondwet, wat sekere grondliggende waardes van 'n demokratiese stelsel uitspel, net gewysig kan word met 'n meerderheid van minstens 75% in die Nasionale Vergadering en met die steun van minstens ses van die nege provinsies in die Nasionale Raad van Provinsies. Artikel 74(1), die verskansende bepaling, is self ook op hierdie strenger

---

40 *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH) [41].

41 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 186; Devenish *Commentary on SA Constitution* 134.

wyse verskans ten einde te voorkom dat die verskanste bepaling volgens die gewone twee-derde vereiste gewysig word om die strenger vereiste op te hef.[42] Die implikasie van so 'n strenger verskansing kan verreikend wees. Artikel 1 bevat die waardes en beginsels waaraan talle artikels dwarsdeur die Grondwet gevolg gee. Vanweë die strenger verskansing en die gevolglike hoër status, beskerm die waardes vervat in artikel 1 dus soortgelyke bepalings elders in die Grondwet. Daardie artikels sal dus nie met 'n twee-derde meerderheid gewysig kan word op 'n wyse wat afbreuk doen aan die waardes in artikel 1 nie. 'n Meerderheid van 75% en die steun van ses provinsies in die Nasionale Raad van Provinsies sal nodig wees vir so 'n wysiging. Dit is implisiet in die vereiste gestel in artikel 1 dat die artikel 'n "radiating effect" het.[43] Die effek van artikel 74(1) strek dus veel wyer as die blote beskerming van artikel 1 en 74(1). As dit nie so was nie, sou die waardes vervat in artikel 1 uitgekalwe kon word deur die wysiging van bepalings wat daaraan gevolg gee volgens 'n minder streng prosedure. Dit sou die strenger verskansing van artikel 1 doelloos gemaak het. Wanneer die wysiging van 'n betrokke bepaling elders in die Grondwet nie afbreuk doen aan 'n waarde in artikel 1 nie, behoort dit wel volgens die prosedure wat vir die wysiging van daardie spesifieke bepaling voorgeskryf is, aangeneem te kan word.[44] 'n Voorbeeld is die Handves van Regte. Die waardes van menswaardigheid, vryheid en gelykheid lê die hele Handves van Regte ten grondslag en die oogmerk of doelstelling van die Handves is inderdaad die bevordering van menseregte en vryhede. Enige wysiging van die Handves wat aan hierdie waardes afbreuk doen, of die bevordering van menseregte en vryhede belemmer, sal 'n 75% meerderheid en die steun van ses van die provinsies in die Nasionale Raad van Provinsies vereis:[45]

> Furthermore, the relationship between other constitutional provisions particularly those contained in the Bill of Rights, and s 1 is symbiotic. The values embodied in s

---

42 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 186; Devenish *Commentary on SA Constitution* 136; Henderson 1997 *SALJ* 548 en Butler 1997 *SALJ* 704.

43 Henderson 1997 *SALJ* 549 en Devenish *Commentary on SA Constitution* 136.

44 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 188.

45 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 188; Henderson 1997 *SALJ* 549 en Devenish *Commentary on the SA Constitution* 136.

> 1 lend substance to the other provisions: those values are therefore provision substantiating.[46]

Verder bepaal artikel 7(1) dat die Handves van Regte 'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika is. Die Handves verskans die regte van alle mense en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Bepalings van die Grondwet word verskans omdat dit belangrik geag word en hoe strenger die verskansings is, hoe belangriker is die bepalings.[47] Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die opstellers van die Grondwet die waardes vervat in die Grondwet baie belangrik geag het. Henderson beskou artikel 1 as 'n merkwaardige bepaling:

> Section 1 is a remarkable provision in so far as it is an express description of a type of state and declaration of values. It does not expressly confer rights or impose obligations and by itself lays down no legal rules capable of violation, which would entitle the victim of that violation to approach a court for the grant of an appropriate remedy. The contents of the section could not be said to be strictly metalegal. However the operation of other provisions, such as those contained in chapters 1, 2 4 and 8 of the Constitution, is required to bring the contents to life in the legal realm: those provisions are therefore value animating.[48]

### *3.4 Die belang van die waardes*

Regsreëls en 'n regstelsel is nooit neutraal of waardevry nie. Die reg is verder 'n instrument waarmee 'n gemeenskap maatskaplike, ekonomiese en politieke probleme kan hanteer. Regsreëls kom tot stand om aan die hand van sekere waardes spesifieke maatskaplike, ekonomiese en politieke verhoudings in 'n gemeenskap te reël. Waardes speel 'n rol in hoe regsreëls uitgevoer en afgedwing word. Die effektiwiteit van regsreëls om maatskaplike ekonomiese en politieke probleme in die gemeenskap op te los of te verlig, kan ook bepaal word met inagneming van sekere waardes.[49] Die

---

46 Henderson 1997 *SALJ* 550.

47 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 191.

48 Henderson 1997 *SALJ* 549; Devenish *Commentary on the SA Constitution* 136 en Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 188.

49 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 6; Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 5.

aanhef en sekere bepalings van die Grondwet beskryf sekere waardes waarvan sommige met mekaar en met dié vervat in die Grondwet oorvleuel. Die aanhef verwys byvoorbeeld na die strewe om 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes te skep. Die Grondwet gee in talle bepalings aan die strewe gevolg, byvoorbeeld in die bepalings oor die verhouding tussen die staat en die individu in die Handves van Regte.[50] Waardes speel dus 'n rol in die skepping van regsreëls, in die wyse waarop regsreëls uitgevoer, afgedwing en geïnterpreteer word en as 'n maatstaf waaraan die regstelsel se sukses in die hantering van maatskaplike, ekonomiese en politieke probleme getoets kan word. Die Grondwet is normatief in die sin dat daar sekere waardes daarin vervat is, byvoorbeeld humanistiese, liberalistiese of sosialistiese waardes. Die Grondwet is egter ook normatief in 'n belangriker sin. Die waardes wat daarin beliggaam is, dien as norm of maatstaf waaraan ander wette, handelinge of verskynsels getoets moet word. Die Grondwet vereis 'n normatiewe uitleg.[51] Artikel 39(1)(a) van die Grondwet bepaal:

> By die uitleg van die Handves van Regte –
>
> (a) moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder.

Waardes kom dus ook in aanmerking elke keer as bepaal moet word of 'n wet of optrede strydig met 'n bepaling van die Handves is.[52] Daar sal nou met behulp van uitsprake van die Konstitusionele Hof aangetoon word hoe die hof waardes in ag neem tydens die interpretasie van die Handves.

---

50 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 7; Van Wyk *Rights and Constitutionalism* 127.

51 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 5.

52 Devenish *Commentary on the SA Constitution* 33 en De Waal *Bill of Rights* 121.

## *3.5 'n Analise van uitsprake*

### 3.5.1 *Soobramoney v Minister of Health (Kwazulu Natal)*[53]

In dié saak, soos reeds aangetoon in 2.2.1 en wat gehandel het oor die voorsiening van mediese noodbehandeling ingevolge artikel 27 van die Grondwet, het die hof verwys na die grondwetlike verbintenis om die omstandighede van werkloosheid, gebrekkige sosiale sekerheid en swak gesondheidsorg aan te spreek.[54] Dit word aangespreek in die aanhef van die Grondwet wat bepaal:

> Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde –
>
> Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
>
> ... Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit.[55]

Die hof beskryf die huidige Suid-Afrikaanse samelewing:

> We live in a society in which there are great disparities in wealth. Millions of people are living in deplorable conditions and in great poverty. There is a high level of unemployment, inadequate social security, and many do not have access to clean water or to adequate health services. These conditions already existed when the Constitution was adopted and a commitment to address them, and to transform our society into one in which there will be human dignity, freedom and equality, lies at the heart of our new constitutional order. For as long as these conditions continue to exist that aspiration will have a hollow ring.[56]

Die hof meen dat die Grondwet vooruitskouend is en dat sommige regte in die Grondwet ideale en iets om na te streef is:

---

53 1998 1 SA 765 (KH).

54 Par [10].

55 Aanhef van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

56 *Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu Natal)* 1998 1 SA 765 (KH) par [8].

> They amount to a promise, in some cases, and an indication of what a democratic society aiming to salvage lost dignity, freedom and equality should embark upon. They are values which the Constitution seeks to provide, nurture and protect for a future South Africa.[57]

Die hof bevind dat die waardes onderliggend aan artikel 27(3) ondermyn sal word deur 'n ongeregverdigde samesmelting van noodbehandeling en nie-noodbehandeling, soos dit waarvoor die appellant argumenteer het.[58]

### 3.5.2 *President of the Republic of South Africa v Hugo*[59]

In hierdie saak, soos reeds aangetoon in 2.2.2 en wat gehandel het oor wat die verbod op onbillike diskriminasie vervat in artikel 9 van die Grondwet behels het, word bevind dat diskriminasie op een van die gronde vervat in artikel 9(3) as onbillik beskou moet word tensy 'n oortuigende weerlegging daarvan plaasvind. Diskriminasie op die gronde word as onbillik beskou indien die optrede teenstrydig is met die grondliggende waardes van die nuwe Suid-Afrikaanse grondwetlike samelewing. Die hof grond dus die vermoede ten gunste van onbillike diskriminasie vervat in artikel 8(3) op die feit dat die spesifieke diskriminasiegronde teenstrydig is met die waardes onderliggend aan die nuwe Suid-Afrikaanse samelewing.[60] Die grondwetlike waardes gee dus inhoud aan die reg op gelykheid en dien as maatstaf waaraan getoets word of diskriminasie onbillik is.

### 3.5.3 *S v Makwanyane*[61]

In hierdie saak, wat gehandel het oor die grondwetlikheid van die doodstraf gemeet aan die reg op lewe, menswaardigheid en die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse gestraf te word nie, het die hof ook aandag geskenk aan die waardes onderliggend aan die Grondwet. Die hof bevind dat die beperking van

---

57 Par [42].

58 Par [51].

59 1997 4 SA 1 (KH).

60 Par [75].

61 1995 3 SA 391 (KH).

fundamentele regte vir 'n doel wat redelik en noodsaaklik is, die opweeg van waardes vereis. Dit is dus 'n bevinding gebaseer op proporsionaliteit.[62] Respek vir lewe en menswaardigheid wat die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse gestraf te word nie, onderlê, word as die hoogste waardes beskou. Die verbintenis tot 'n samelewing gegrond op respek vir fundamentele regte hou in dat die reg op lewe en menswaardigheid as hoogste regte van die Grondwet gesien moet word.[63] Verder is dit noodsaaklik ingevolge die Grondwet dat die howe die verskanste fundamentele regte ooreenkomstig 'n samehangende stel waardes ontwikkel, wat kenmerkend van 'n oop en demokratiese samelewing is. Algemene waardes onderliggend aan die beskerming van fundamentele regte soos in die volkereg en in buitelandse reg, kan die hof behulpsaam wees.[64] Die interpretasieklousule skryf voor dat die howe die volkereg en buitelandse reg in ag neem om te bepaal watter waardes 'n oop en demokratiese samelewing onderlê. Die hof meen dat dit beter is om die waardes wat die beslissing beïnvloed duidelik uit die beslissing te laat blyk:

> By articulating rather than suppressing values which underlie our decisions, we are not being subjective. On the contrary, we set out in a transparent and objective way the foundations of our interpretative choice and make them available for criticism.[65]

Die waardesisteem wat uit die interpretasie van die Handves ontstaan, kan as die basis dien vir die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse fundamentele regtebedeling. Dit is ook belangrik dat inheemse konsepte soos *ubuntu* in ag geneem word tydens die interpretasie van die Handves. Langa R gee 'n bondige beskrywing van wat *ubuntu* inhou:

> The concept is of some relevance to the values we need to uphold. It is a culture which places some emphasis on communality and on the interdependence of the members of a

---

62 Par [104].

63 Par [144].

64 Par [302].

65 Par [304].

> community. It recognises a person's status as a human being, entitled to unconditional respect, dignity, value and acceptance from the members of the community such person happens to be part of. It also entails the converse, however. The person has a corresponding duty to give the same respect, dignity, value and acceptance to each member of that community. More importantly it regulates the exercise of rights by the emphasis it lays on sharing and co-responsibility and the mutual enjoyment of rights by all.[66]

'n Belangrike kenmerk van *ubuntu* is die waarde wat dit heg aan lewe en menswaardigheid. 'n Ander mens se lewe is volgens *ubuntu* net so waardevol as jou eie en respek vir die waardigheid van elke persoon is 'n integrale deel van die leerstuk. Wrede, onmenslike en vernederende behandeling is dus teen die beginsels van *ubuntu*.[67] Die hof bevind in die saak dat die doodstraf nie toegelaat kan word nie omdat dit inbreuk maak op die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse gestraf te word nie. Die doodstraf kan verder ook nie ingevolge die beperkingsklousule kwalifiseer as 'n redelike en regverdigbare beperking in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid, gelykheid en menswaardigheid nie. Die hof bevind dus dat die waardes onderliggend aan die reg op lewe en menswaardigheid ondermyn sal word deur die doodstraf en dat die regte nie deur die doodstraf in 'n oop en demokratiese samelewing beperk kan word nie. Soos reeds aangetoon, is wrede, onmenslike en vernederende behandeling teen die beginsels van *ubuntu* en word die doodstraf as 'n wrede, onmenslike en vernederende straf gesien en daarom is die doodstraf ook teen die beginsels van *ubuntu*.

### 3.5.4 *S v Williams*[68]

In dié saak het dit gehandel oor die grondwetlikheid van lyfstraf gemeet aan die reg om nie 'n wrede, onmenslike of vernederende straf te ontvang nie. Die interpretasie van die reg om nie gemartel te word en om nie op 'n wrede, onmenslike of

---

66 Par [224].

67 Par [225].

68 1995 3 SA 632 (KH).

vernederende wyse gestraf of behandel te word nie, is 'n waarde-oordeel. Dié waarde-oordeel vereis dat die waardes objektief bepaal en beskryf word, met inagneming van die norme, aspirasies en verwagtinge van die mense, soos vervat in die Grondwet. Verder moet die algemeen aanvaarde waardes in die volkereg ook in ag geneem word.[69] Wanneer daar bepaal moet word of 'n straf wreed, onmenslik of vernederend is, gemeet aan die Grondwet, moet die straf getoets word aan die waardes wat die Grondwet onderlê.[70] Die hof bevind gevolglik:

> The simple message is that the state must in imposing punishment, do so in accordance with certain standards; these will reflect the values which underpin the Constitution; in the present, it means that punishment must respect human dignity and be consistent with the provisions of the Constitution.[71]

Die staat het 'n verpligting om die waardes van die Grondwet in stand te hou en te bevorder. Die staat moet verder streng wees in die erkenning van die waardes, andersins sal die Grondwet verswak word. Gesag wat die gebruik van geweld regverdig, is teenstrydig met die waardes van die Grondwet.[72] Die hof moes toe bepaal of lyfstraf 'n redelike en regverdigbare beperking op die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie, is. Die hof bevind:

> It cannot be reasonable and in keeping with these values to imply, through the punishments we impose, that the infliction of violence is an acceptable option in the solution of problems. In any event, this consideration falls far short of the justification required to entitle the State to override the prohibition against the infliction of cruel, inhumane or degrading punishment. Its implications for the dignity of the individual are also far too serious.[73]

---

69 Par [22].

70 Par [37].

71 Par [38].

72 Par [52].

73 Par [79].

### 3.5.5 *Government of the RSA and others v Grootboom and others*

In hierdie saak, wat soos reeds aangetoon in 2.2.3, gehandel het oor hawelose mense se aanspraak op behuising teenoor die staat, is die grondwetlike waardes gebruik om inhoud te gee aan die reg op behuising in artikels 26 en 28 van die Grondwet. Grondwetlike waardes word aangewend om inhoud aan die reg op behuising te gee en die hof beklemtoon dat die belofte van menswaardigheid en gelykheid in die Grondwet vir die meeste mense 'n droom is.[74] Die regte moet binne die teks van die Grondwet en meer spesifiek Hoofstuk 2 uitgelê word terwyl die sosiale en historiese konteks ook in ag geneem word.[75] Die hof bevind:

> There can be no doubt that human dignity, freedom and equality, the foundational values of our society, are denied to those who have no food clothing or shelter. Affording socio-economic rights to all people therefore enables them to enjoy the other rights enshrined in Chapter 2.[76]

Die hof toets die staat se optrede in die uitsetting van die respondente en bevind:

> The Constitution will be worth infinitely less than its paper if the reasonableness of state action concerned with housing is determined without regard to the fundamental constitutional value of human dignity.[77]

Die hof bevind dat die uitsetting herinner aan die verlede en bots met die waardes vervat in die Grondwet.[78]

---

74 *Government of the RSA and others v Grootboom and others* (CCT 11/00) par [1] en [2].

75 Par [22].

76 Par [23].

77 Par [83].

78 Par [88].

## 4 DIE KONSTITUSIONELE HOF SE RIGLYNE VIR DIE TOEPASSING VAN DIE REG OP GELYKHEID

Die Konstitusionele Hof het in *Harksen v Lane*[79] byvoorbeeld 'n toets ontwikkel binne die doelsgebonde uitlegmetode om te bepaal of daar inbreukmaking op die reg op gelykheid was. Tydens die eerste stap word vasgestel of daar 'n differensiasie was en of die differensiasie 'n rasionele verband met 'n legitieme owerheidsdoel het. As daar nie 'n verband is nie, was daar 'n verbreking van die reg op gelykheid, maar selfs al is daar 'n rasionele verband, kan die handeling nog steeds op diskriminasie neerkom.[80] Die tweede stap is om vas te stel of daar onbillike diskriminasie is. Die differensiasie kom op diskriminasie neer indien dit op een van die gespesifiseerde gronde vermeld in die gelykheidsbepaling plaasvind, of indien menswaardigheid aangetas word.[81] Daarna moet vasgestel word of die diskriminasie onbillik is met inagneming van wie benadeel is, die aard van die belange aangetas en die aard van die bevoegdheid uit hoofde waarvan die handeling verrig is. Die derde stap behels dat as bevind word dat daar wel onbillike diskriminasie was, die hof moet bepaal of die bepaling of handeling geregverdig kan word deur artikel 36, die beperkingsbepaling van die Grondwet.[82] Die toets ontwikkel deur die hof maak dus voorsiening dat die toepassingsgebied van die reg bepaal word, asook dat die doel van die reg op gelykheid in ooreenstemming met die doelsgebonde uitlegmetode bepaal word. Die toets maak ook voorsiening dat grondwetlike waardes in ag geneem word. Dit is belangrik om te onthou dat die interpretasieklousule artikel 39 uitdruklik vereis dat die hof tydens interpretasie die waardes van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid in ag neem. Tydens die derde stap van die toets kom grondwetlike waardes weer in aanmerking wanneer die

---

79 1998 1 SA 300 (KH).

80 Par [48].

81 Par [41].

82 Rautenbach 1998 *TSAR* 319.

beperkingsklousule, artikel 36 toegepas word.[83] Die artikel bepaal dat geen reg beperk mag word behalwe deur 'n algemeen geldende regsvoorskrif redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid.

Die toets maak dus voorsiening vir doelsgebonde uitleg en waarde-oordele deur die hof. Die hof kan byvoorbeeld bepaal of 'n beperking op die reg op gelykheid ooreenkomstig 'n legitieme owerheidsdoel, byvoorbeeld die "bereiking van gelykheid", plaasgevind het. Op hierdie manier verseker die toets dat nie net behoorlike oorweging aan die kernwaardes wat die regte fundeer gegee word nie, maar ook aan die grondwetlike waardes. Dan kan bepaal word of die reg in 'n bepaalde geval beskerming moet geniet, nie net gemeet aan die kernwaarde van die reg nie, maar ook met inagneming van die grondwetlike waardes.

## 5 DIE TAAK VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF

Dit is die taak van die Konstitusionele Hof om die Grondwet te interpreteer. Die hof moet die kernwaarde van 'n reg in die Handves van Regte tydens die interpretasie bepaal en dan ook nog gevolg gee aan die grondwetlike waardes. Deur die kernwaarde van die reg te bepaal, bepaal die hof wat beskerm word deur die spesifieke bepaling. Die Konstitusionele Hof het as hoogste hof dus 'n deurslaggewende rol om te speel in die interpretasie van die Grondwet. Die Konstitusionele Hof moet aantoon hoe die bepalings van die Grondwet geïnterpreteer moet word en sodoende aantoon wat die inhoud en toepassingsgebied van die regte vervat in die Handves van Regte is. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer die reg op vryheid van spraak en die reg op privaatheid tydens die doelsgebonde uitlegmetode in konflik kom en die onderskeie doelstellings van die artikels met mekaar bots. In so 'n geval sal die waardes van menswaardigheid, vryheid en gelykheid dus voorkeur geniet, bo 'n bepaalde doelwit afgelei uit 'n spesifieke bepaling van die Grondwet. Daardeur word verseker dat die interpretasie in 'n bepaalde geval versoenbaar is met

83 *Harksen v Lane* 1998 1 SA 300 (KH) par 112].

die Grondwet as 'n geheel.[84] Die Konstitusionele Hof moet dus ook verseker dat die Grondwet as 'n geheel en die bepalings nie in isolasie geïnterpreteer word nie.

Dit kan sonder teenspraak gesê word dat die Grondwet die belangrikste regsdokument en staatkundige dokument in Suid-Afrika is.[85] Soos reeds genoem, is daar verskeie ideale vervat in die Grondwet. Dit is dus ook die taak van die Konstitusionele Hof as hof van finale instansie oor sake rakende die interpretasie, beskerming en afdwinging van die Grondwet om die ideale te help verwesenlik. Die Konstitusionele Hof moet dus die interpretasie van 'n bepaling kies wat die ideale verwesenlik. Artikel 39 vereis die interpretasie wat die waardes ondersteun wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid, gelykheid en menswaardigheid onderlê. Dit blyk dat die samelewing waarna verwys word, nie die huidige Suid-Afrikaanse samelewing is nie, maar 'n abstrakte en ideale samelewing.[86] Artikel 39(1) vereis dus 'n fiktiewe konstruksie van 'n samelewing wat ontwikkel moet word, analoog aan die redelike man-Leerstuk van die deliktereg.[87] Die taak wat op die hof rus om waardes te identifiseer en om tussen waardes in konflik te kies is moeilik, maar die hof kry baie hulp van 'n regsproses wat oop is en selfs polities georiënteerd is. In so 'n proses word keuses gemaak en bydraes gelewer deur verskeie deelnemers of partye. Die resultaat word verkry deur dinamiese gesprekvoering deur onder andere redevoering en redenering tussen regters onderling; tussen regters en samelewingsgroeperinge skriftelik of persoonlik; tussen regters en regsverteenwoordigers; tussen regters en akademici en tussen regters en die media.

Dit is dus nie korrek of regverdig om die proses waarin die waardes geïdentifiseer word as subjektief of bevooroordeeld te beskryf nie.[88] Soos reeds genoem, sal die Konstitusionele Hof soms die terrein van beleidsaangeleenthede moet betree.[89]

---

84 Devenish *Commentary on the SA Constitution* 101.

85 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 5.

86 *Bernstein v Bester NO* 1996 4 BCLR 449 (KH) [149].

87 De Waal 1996 *Stell LR* 187.

88 De Waal 1996 *Stell LR* 182.

89 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 7.

Beleidsaangeleenthede soos programme vir die opheffing van armoede en werkloosheid val dus volgens hierdie benadering binne die jurisdiksie van die Konstitusionele Hof. Die Konstitusionele Hof sal dus tydens interpretasie van die waardes die uitvoerende gesag se programme vir die skepping van 'n nuwe samelewing in gedagte moet hou. Dit is egter nie altyd so maklik nie omdat daar verskeie waardes in die Grondwet vervat is, waarvan sommiges ook soms in konflik met mekaar kan wees.

Die hoogste waardes van die Grondwet is vervat in artikel 1. Daar is verder frases wat dié kernwaardes herbevestig en hulle ook uitbrei in spesifieke kontekste, soos "redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid" in artikel 36 en in artikel 39 word die howe verplig om tydens interpretasie "die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, te bevorder".[90] Die Konstitusionele Hof het dus die taak om deur die interpretasie van die Grondwet en met inagneming van waardes, die samelewing te ontwikkel soos voorsien deur die Grondwet.

## 6 SAMEVATTING

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 bevat in artikels 1, 7, 36 en 39 waardes, wat ook as ideale gesien kan word. In hierdie sin is die waardes vervat in die Grondwet dus vooruitskouend. Die waardes is wyd geformuleer wat verseker dat die bepalings buigsaam en aanpasbaar sal bly. Dit is 'n verdere aanduiding van die toekomsgerigtheid van die Grondwet. Artikel 1 bevat waardes wat grondliggend is aan die nuwe grondwetlike orde, byvoorbeeld menswaardigheid, die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die reg. Die waardes vervat in artikel 1 word soos reeds aangetoon, strenger verskans deur artikel 74(1), wat dui op die belang van die waardes. Deur die strenger verskansing word nie net artikel 1 se bepalings beskerm nie, maar ook bepalings wat uiting gee aan die waardes.

---

90 Venter 1998 *SAPR* 445.

Artikel 7 beskryf die Handves van Regte as die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Artikel 36, die beperkingsklousule, bepaal dat die regte in die Handves van Regte net beperk kan word deur 'n algemeen geldende regsvoorskrif "in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid". Artikel 39, die interpretasieklousule, bepaal dat die howe tydens die interpretasie van die Handves van Regte "die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder". Die interpretasie van die Handves van Regte is 'n twee stadia proses en die doelsgebonde uitlegmetode word gevolg. Tydens die eerste stap word daar vasgestel of daar 'n inbreuk op die reg was deur inhoud aan die reg te gee. Die verwesenliking van waardes onderliggend aan die reg word dikwels as die belangrikste doel met betrekking tot die beskerming van die reg gesien. So byvoorbeeld is die waardes grondliggend aan die reg om nie mediese noodbehandeling geweier te word nie, die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.[91] Tydens die tweede stap word daar vasgestel of die inbreukmaking redelik en regverdigbaar is. So kan byvoorbeeld bevind word dat die reg op vryheid van spraak[92] onder sekere omstandighede 'n redelike en regverdige beperking is op die reg op privaatheid[93] ten einde openheid en demokrasie te verseker. Die optrede wat inbreuk op die reg maak, word dus beoordeel in die konteks van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op die grondwetlike waardes. Die uitlegmetode wat gevolg word, is dus normatief in die sin dat waarde-uitsprake gemaak word terwyl bepaal word watter doelstellings belangrik is. So is byvoorbeeld in *Soobramoney*[94] beslis:

> The purposive approach will often be one which calls for a generous interpretation to be given to a right to insure that individuals secure the full protection of the bill of rights, but this is not always the case, and the context may indicate that in order to

---

91 *Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu Natal)* 1998 1 SA 765 (KH) par [8].

92 A 16.

93 A 14.

94 *Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu Natal)* 1998 1 SA 765 (KH) par [17].

give effect to the purpose of a particular provision a narrower or specific meaning should be given to it.

Selfs al het die hof in dié saak beslis dat die weiering van die hospitaal 'n inbreuk op artikel 27(3) was, sou die beperking as redelik en regverdigbaar beskou word. Die waardes wat die hof in ag neem het 'n universele karakter en is ontwerp om menswaardigheid en vryheid in 'n stelsel gekenmerk deur openheid, 'n responsiewe ingesteldheid en verantwoordbaarheid te verseker. Die waardes is gebaseer op universele morele en etiese norme en waardes.[95] Dit is die taak van die Konstitusionele Hof om inhoud en betekenis aan die waardes tydens interpretasie van die Grondwet te gee. Die waardes kan nie maar net beteken wat die interpreteerder dit wil laat beteken nie. Die Grondwet is 'n geskrewe teks en woorde word volgens hulle gewone grammatikale betekenis verstaan. Waardes vorm dus deel van die regsreëls en die regstelsel en moet binne die konteks verstaan word. Die waardes van vryheid, menswaardigheid en gelykheid sal as hoogste waardes dikwels voorkeur geniet bo 'n bepaalde doelwit van 'n spesifieke bepaling. Dit verseker dat die interpretasie van 'n spesifieke bepaling versoenbaar is met die grondwet as geheel.[96] Verder is dit ook belangrik dat die waardes Suid-Afrikaanse waardes is wat sal verseker dat interpretasie van die Grondwet toepaslik is op die unieke situasie in Suid-Afrika. Die betekenis wat aan die waardes geheg word, moet die unieke toekomsvisie vervat in die Grondwet verwoord tydens die skepping van die samelewing soos voorsien deur die Grondwet. Uit die aanhef van die Grondwet blyk dit dat die doel van die Grondwet is om 'n samelewing te skep gebaseer op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte en om die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit.[97] Die belang van die waardes is daarin geleë dat dit op 'n belofte neerkom, 'n aanduiding van dit waarna 'n demokratiese samelewing streef. Dit is die waardes wat

---

95 Devenish *Commentary on the SA Constitution* 33.

96 Devenish *Commentary on the SA Constitution* 101.

97 Vgl *Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu Natal)* 1998 1 SA 765 (KH) par [9].

die Grondwet wil voorsien, bevorder en beskerm vir die nuwe Suid-Afrika.[98] Dit is belangrik dat die howe aandui hoe die waardes die beslissing beïnvloed:

> By articulating rather than suppressing values which underlie our decisions, we are not being subjective. On the contrary, we set out in a transparent and objective way the foundations of our interpretative choice and make them available for criticism.[99]

Die toets geformuleer in *Harsken v Lane*[100] maak voorsiening vir die inagneming van waardes as deel van die doelsgebonde uitlegproses. Eerstens word die doel van die reg bepaal met verwysing na die waardes grondliggend aan die reg. Dit word bepaal binne die konteks van die Grondwet as 'n geheel met verwysing na die waardes onderliggend aan die Grondwet. Daarna kan bepaal word of die beperking redelik en regverdigbaar is, weereens met inagneming van die waardes onderliggend aan die Grondwet. Die toets verseker dat behoorlike oorweging aan die kernwaardes van die regte asook aan die waardes onderliggend aan die Grondwet geskenk word.

Waardes speel 'n belangrike rol in die skepping van regsreëls, in die wyse waarop regsreëls uitgevoer, afgedwing en geïnterpreteer word en as 'n maatstaf waaraan die regstelsel se sukses in die hantering van maatskaplike, ekonomiese en politieke probleme getoets kan word.[101] Dit is die taak van die howe en in besonder die Konstitusionele Hof om die waardes en regte vervat in die Grondwet te beskerm en te bevorder. Die Konstitusionele Hof moet die interpretasie van die waardes en regte kies wat die ideale wat in die Grondwet verwoord is, te help verwesenlik. Die Konstitusionele Hof moet dus deur middel van uitsprake die samelewing omvorm tot die samelewing soos deur die Grondwet in die vooruitsig gestel.

---

98 Par [42].

99 *S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (CC) par [304].

100 *Harksen v Lane* 1998 1 SA 300 (KH).

101 Swanepoel 1998 *PER* Vol 1 5.

## 7 GEVOLGTREKKING

Daar is 'n paar belangrike gevolgtrekkings wat gemaak kan word uit die voorafgaande, noodwendig kort en selektiewe, analise. Grondwetlike waardes word primêr aangewend om inhoud en betekenis aan die regte vervat in die Handves van Regte te gee. Die waardes verseker die aanpasbaarheid van die Grondwet in alle situasies en verseker dat die interpretasie in 'n bepaalde geval in lyn met die Grondwet as 'n geheel is. Die betekenis van die waardes hang af van die interpretasie wat die hof daaraan heg. Die interpretasie moet die ontwikkeling van 'n samelewing soos voorsien deur die Grondwet bevorder.

Daar word aan die hand gedoen dat die Konstitusionele Hof wel die taak opgelê deur artikel 39(1)(a) bevredigend uitvoer. Uit die ontleding van die uitsprake hierbo blyk dit dat die hof in elkeen die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder. Die hof neem die waardes in ag wanneer wette, handelinge en verskynsels aan die bepalings van die Handves van regte getoets word. Daar kan egter meer aandag geskenk word aan inheemse konsepte soos *ubuntu* wanneer waardes in aanmerking geneem word, alhoewel *ubuntu* nie uitdruklik in die 1996 Grondwet vermeld word nie. Sodoende sal 'n outochtone en waarlik Suid-Afrikaanse grondwetlike regspleging ontstaan. Die Grondwet sal dan aan die behoeftes van die mense van Suid-Afrika voldoen en verandering en ontwikkeling bespoedig.

# 8 BIBLIOGRAFIE

## *8.1 Boeke*

**C**

Chaskalson *Constitutional Law*

Chaskalson M ea *Constitutional Law* (Juta Kaapstad 1996)

**D**

Devenish *Commentary on SA Constitution*

Devenish GE *Commentary on South African Constitution* (Butterworths Durban 1998)

De Waal *Bill of Rights Handbook*

De Waal J en Currie I *The Bill of Rights Handbook* 3e uitg (Juta Kaapstad 2000)

**R**

Rautenbach en Malherbe *Staatsreg*

Rautenbach IM en Malherbe EFJ *Staatsreg* 3e uitg (Butterworths Durban 1999)

**V**

Van Wyk *Rights and Constitutionalism*

Van Wyk D *(red) Rights and Constitutionalism : A new South African Legal Order* (Juta Kenwyn 1994)

## *8.2 Tydskrifartikels*


**D**

De Waal 1996 *Stell LR*

De Waal J en Erasmus G "The Constitutional Jurisprudence of South African Courts on the Application, Interpretation and Limitation of Fundamental Rights during the Transition" 1996 *Stell LR* 179-209

**R**

Rautenbach 1998 *TSAR*

Rautenbach IM "Die Konstitusionele Hof se riglyne vir die toepassing van die reg op gelykheid" 1998 *TSAR* 316-325

**S**

Sarkin 1996 *SALJ*

Sarkin J "Problems and Challenges facing South Africa's Constitutional Court : An evaluation of its decisions on capital and corporal punishment" 1998 *SALJ* 71-85

Scott en Alston 2000 *SAJHR*

Scott C en Alston P "Adjudicating constitutional priorities in a transnational context : A comment on Soobramoneys legacy and Grootbooms promise" 2000 *SAJHR* 206-268

Swanepoel 1998 *PER*

Swanepoel J "Die dialektiek in die waardes van die 1996 Grondwet" 2000 *PER* http://www.puk.ac.za/lawper/tydskrif/ [Datum van gebruik 11 Mei 2000]

**V**

Venter 1998 *SAPR*

Venter F "The protection of cultural, linguistic and religious rights : the framework provided by the Constitution of the Republic of South Africa, 1996" 1998 *SAPR* 438-459

**W**

Woolman 1996 *SAJHR*

Woolman S en Davis D "The last laugh : *Du Plessis v De Klerk*, classic liberalism and the application of fundamental rights under the interim and the final Constitutions" 1998 *SAJHR* 361-404

## *8.3 Wetgewing*

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

## *8.4 Vonnisregister*

*Bernstein v Bester NO* 1996 4 BCLR 449 (KH)

*Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH)

*Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly : in re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996* 1996 4 SA 794 (KH)

*Government of the Republic of South Africa and others v Grootboom and others* (CCT 11/00) 4 Oktober 2000

*Harksen v Lane* 1998 1 SA 300 (KH)

*President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (KH)

*Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu Natal)* 1998 1 SA 765 (KH)

*S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (KH)

*S v Williams* 1995 3 SA 632 (KH)

*S v Zuma and Others* 1995 4 BCLR 401